

DIE SPORE WAT ONS TRAP

Om by Modderbee Gevangenis se hoofingang te kom, moet jy oor 'n stuk kaal grond stap. Sandgrond met baie spore. Toe ek vanoggend oor die stuk grond stap, het die baie spore met my "gepraat". Baie spore van gevangenes. Spore van bewaarders. Spore van besoekers, familie en vriende van gevangenes. Spore van geestelike werkers. Ook twee stelle spore van broers gevangenes van my van die Lewende Water Groep in Zonderwater wat hulle vroeër hier by Modderbee getrap het. Ek stuur 'n skietgebed vir hulle op. Bid dat hulle en my ander broers daar steeds die regte spore by Zonderwater sal trap. En veral nà Zonderwater verder buite in die lewe sal trap. So bid ek ook vir my broers in Modderbee.

In een van Valiant Swart se liedjies praat hy ook van spore:

Al die paaie wat jy loop Al die draaie wat jy stap Al is jou spore vergete Al is jou sole verslete.

So loop ek en jy ook op paaie. Stap ons draaie. Trap ons spore. Wat dalk ook gou vergete sal wees. Dalk moet ons 'n slag kyk hoe verslete ons sole is.

Die spore by Modderbee praat van groot hartseer. Van trane wat die grond benat het van manne wat van hulle geliefdes weggeskeur is. Al is dit deur hulle eie toedoen, dit bly hartseer om die stories te hoor en die droefheid te beleef. Die wroeging dat hulle nie buite is om daar te kan help nie. Nie daar is om 'n ouer of familielid by te staan of te begrawe nie. Maar die spore vertel ook van groot vreugdes. Vreugde as die broer besef hy moes agter tralies kom om weer by die Vader uit te kom. Om opnuut te kon hoor van die onbeskryflike groot genade. Genade op genade. Paroolvreugde as hy saam met Moses kan sê: As U nie self saamgaan nie, moet U my nie van hier af laat wegtrek nie. Lei my sodat my spore duidelike padwysers vir ander mense sal wees.

Die spore van bewaarders praat ook hul eie taal. Sommige met deernis vir gevangenes, ander nie. Sommige eerlik en opreg, ander nie. Sommige voer geestelike gesprekke met gevangenes, ander nie. Sommige poog om gevangenes op te hef, ander nie. Sommige verleen hulp aan geestelike werkers, ander nie.

Spore van besoekers, familie en vriende spreek jou ook aan. Heelwat ondersteun die manne binne. Hiervoor dank ons die Vader. Ander verwyf en sê sleg. "Preek" en weet beter. Voel hulle meerderwaardig teenoor hierdie sondaars. Jy kan maar gaan kyk, my spore lê mooi reguit. Nie so slingerend soos joune nie. Vergeet so maklik dat die enigste verskil tussen jou spore en die spore van hulle agter tralies slegs die Here se genade is. En genade is verniet, jy kan dit nie verdien nie, dit is nie jou goedheid dat jou spore meestal reguit is nie! Selfs die misdadiger aan die kruis met sy oneindig baie skewe spore kon hoor "Vandag sal jy saam met My in die paradys wees." Genadiglik egter is baie familie en vriende innig dankbaar vir die werk wat deur geestelike werkers gedoen word.

Geestelike werkers se spore lê wyd voor en binne die gevangenis. Die meerderheid waarmee ek te doen het, se spore lê reguit. Stap die Bybelse pad. Hul spore sal beslis nie gou vergete wees nie. Al sal hulself vergete wees, die evangelie-spore sal beslis nie vergaan nie.

My eie spore? Skewe spore. Ek bid nie genoeg vir die ander geestelike werkers nie. Bid nie genoeg dat die Heilige Gees hulle, en vir my, sal lei om die evangelie van genade suiwer te verkondig en te verstaan nie. Bid nie genoeg dat my broers en susters agter tralies reguit spore sal trap nie.

Hoe lyk die spore wat jy trap?

Jan Lubbe